# OFFICIAL GAZETTE
**EXTRAORDINARY**
OF SOUTH WEST AFRICA

**BUITENGEWONE**
# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

30c — Thursday 17 September 1987 — WINDHOEK — Donderdag 17 September 1987 — No. 5434

CONTENTS:

*Page*

**GOVERNMENT NOTICES**


| | | |
|---|---|---|
| No. 159 | Recognition of Engineers' Institutes | 1 |
| No. 160 | Remuneration and allowances payable from the monies of the South West African Engineering Council to members of the council or of a committee of the council. | 2 |
| No. 161 | Regulations regarding the procedure for registration of, and the registration and annual fees payable by, professional engineers, technician engineers, engineering technicians and their equivalents in training, and other fees. | 2 |


INHOUD:

*Bladsy*

**GOEWERMENTSKENNISGEWINGS**


| | | |
|---|---|---|
| No. 159 | Erkenning van Ingenieursinstitute | 1 |
| No. 160 | Besoldiging en toelaes betaalbaar uit die fondse van die Suidwes-Afrikaanse Ingenieursraad aan lede van die raad of van 'n komitee van die raad | 2 |
| No. 161 | Regulasies betreffende die prosedure vir registrasie van, en die registrasie- en jaargelde betaalbaar deur professionele ingenieurs, tegnikus-ingenieurs, ingenieurstegnici en hulle eweknie-in-opleiding, en ander gelde | 2 |


## Government Notices

DEPARTMENT OF CIVIC AFFAIRS AND MANPOWER

No. 159 — 1987

### RECOGNITION OF ENGINEERS' INSTITUTES

It is hereby made known that the South West African Engineering Council has determined that the recognition as professional engineers' institutes granted in terms of section 7(3)(a) of the Professional Engineers Act, 1968 (Act 81 of 1968) to the Engineering Professions Association of

## Goewermentskennisgewings

DEPARTEMENT VAN BURGERSAKE EN MANNEKRAG

No. 159 — 1987

### ERKENNING VAN INGENIEURSINSTITUTE

Daar word hierby bekend gemaak dat die Suidwes-Afrikaanse Ingenieursraad besluit het dat die erkenning as professionele ingenieursinstitute wat ingevolge artikel 7(3)(a) van die Wet op Professionele Ingenieurs, 1968 (Wet 81 van 1968) verleen is aan die Vereniging van

South West Africa/Namibia and the South West African Association of Consulting Engineers and published by Government Notice AG. 60 of 20 September 1978, shall be deemed to have been granted under section 7(1)(i) of the Engineering Profession Act, 1986 (Act 18 of 1986).

Ingenieursprofessies van Suidwes-Afrika/Namibië en die Suidwes-Afrikaanse Vereniging van Raadgewende Ingenieurs en afgekondig is by Goewermentskennisgewing AG. 60 van 20 September 1978, geag word verleen te wees kragtens artikel 7(1)(i) van die Wet op die Ingenieursprofessie, 1986 (Wet 18 van 1986).

---

DEPARTMENT OF CIVIC AFFAIRS AND MANPOWER

No. 160 1987

REMUNERATION AND ALLOWANCES PAYABLE FROM THE MONIES OF THE SOUTH WEST AFRICAN ENGINEERING COUNCIL TO MEMBERS OF THE COUNCIL OR OF A COMMITTEE OF THE COUNCIL

The Cabinet has under section 22(b) of the Engineering Profession Act, 1986 (Act 18 of 1986), and after consultation with the South West African Engineering Council, made the following regulation:

The remuneration and allowances payable from the monies of the South West African Engineering Council to members of the council or of a committee of the council, and the circumstances under which they shall be payable, or shall be recoverable from the said monies, shall be the same as those prescribed by the Government Service Commission in the Government Service Staff Code EI./II/3 and Schedule A.

DEPARTEMENT VAN BURGERSAKE EN MANNEKRAG

No. 160 1987

BESOLDIGING EN TOELAES BETAALBAAR UIT DIE FONDSE VAN DIE SUIDWES-AFRIKAANSE INGENIEURSRAAD AAN LEDE VAN DIE RAAD OF VAN 'N KOMITEE VAN DIE RAAD.

Die Kabinet het kragtens artikel 22(b) van die Wet op die Ingenieursprofessie, 1986 (Wet 18 van 1986), en na oorlegpleging met die Suidwes-Afrikaanse Ingenieursraad, die volgende regulasie uitgevaardig:

Die besoldiging en toelaes betaalbaar uit die fondse van die Suidwes-Afrikaanse Ingenieursraad aan lede van die raad of van 'n komitee van die raad, en die omstandighede waarin dit betaalbaar, is of op bedoelde fondse verhaalbaar is, is dieselfde as dié wat van tyd tot tyd deur die Regeringsdienskommissie in die Regeringsdienspersoneelkode EI./II/3 en Bylae A voorgeskryf word.

---

DEPARTMENT OF CIVIC AFFAIRS AND MANPOWER

No. 161 1987

REGULATIONS REGARDING THE PROCEDURE FOR REGISTRATION OF, AND THE REGISTRATION AND ANNUAL FEES PAYABLE BY, PROFESSIONAL ENGINEERS, TECHNICAN ENGINEERS, ENGINEERING TECHNICIANS AND THEIR EQUIVALENTS IN TRAINING, AND OTHER FEES

The Cabinet has under section 22 of the Engineering Profession Act, 1986 (Act 18 of 1986),

DEPARTEMENT VAN BURGERSAKE EN MANNEKRAG

No. 161 1987

REGULASIES BETREFFENDE DIE PROSEDURE VIR REGISTRASIE VAN, EN DIE REGISTRASIE- EN JAARGELDE BETAALBAAR DEUR PROFESSIONELE INGENIEURS, TEGNIKUS-INGENIEURS, INGENIEURSTEGNICI EN HULLE EWEKNIE-IN-OPLEIDING, EN ANDER GELDE

Die Kabinet het kragtens artikel 22 van die Wet op die Ingenieursprofessie, 1986 (Wet 18 van

and after consultation with the South West African Engineering Council, made the regulations set out in the Schedule.

SCHEDULE

1. In these regulations, unless the context indicates otherwise, every expression or word shall bear the meaning assigned to it in the Act, and -

(i) "annual fee" means the annual fee contemplated in regulation 3;

(ii) "registration fee" means the fee payable when a person applies for registration in terms of section 11, 12 or 13 of the Act;

(iii) "the Act" means the Engineering Profession Act, 1986 (Act 18 of 1986); and

(iv) "year" means the 12 months for which the full annual fee is payable and which runs from 1 April in any year to 31 March of the next succeeding year.

2. (1) Any person who desires to be registered, in terms of the Act, as a professional engineer, an engineer in training, a technician engineer, an engineering technician, shall make application in writing to the Council, in the manner determined by the Council, and such application shall be accompanied by the appropriate registration fee listed in Annexure A.

(2) Any person not ordinarily resident in the territory who desires temporary registration as a professional engineer, a technician engineer or an engineering technician, shall make application in writing to the Council, in the manner determined by Council, and such application shall be accompanied by the appropriate registration fee listed in Annexure A.

(3) Any registered engineer in training, technician engineer in training or engineering technician in training who desires registration as a professional engineer, a technician engineer or an engineering technician, as the case may be, shall

1986), en na oorlegpleging met die Suidwes-Afrikaanse Ingenieursraad, die regulasies in die Bylae uiteengesit, uitgevaardig.

BYLAE

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, het elke uitdrukking of woord die betekenis wat daaraan toegeken word in die Wet, en beteken -

(i) "die Wet" die Wet op die Ingenieursprofessie, 1986 (Wet 18 van 1986);

(ii) "jaar" die 12 maande waarvoor die volle jaargeld betaalbaar is en wat loop van 1 April in enige jaar tot 31 Maart van die eersvolgende jaar;

(iii) "jaargelde" die jaargelde in regulasie 3 beoog; en

(iv) "registrasiegelde" die gelde betaalbaar wanneer iemand aansoek doen om registrasie ingevolge artikel 11, 12 of 13 van die Wet.

2. (1) Iemand wat begerig is om ingevolge die Wet geregistreer te word as 'n professionele ingenieur, 'n ingenieur-in-opleiding, 'n tegnikus-ingenieur, 'n tegnikus-ingenieur-in-opleiding, 'n ingenieurstegnikus of 'n ingenieurstegnikus-in-opleiding, doen skriftelik aansoek by die Raad, op die wyse deur die Raad bepaal, en sodanige aansoek word vergesel van die gepaste registrasiegelde soos in Aanhangsel A uiteengesit.

(2) Iemand wat nie gewoonlik in die gebied woonagtig is nie en tydelike registrasie as 'n professionele ingenieur, 'n tegnikus-ingenieur of 'n ingenieurstegnikus verlang, doen skriftelik daarom aansoek by die Raad, op die wyse deur die Raad bepaal, en sodanige aansoek word vergesel van die gepaste registrasiegelde soos in Aanhangsel A uiteengesit.

(3) 'n Geregistreerde ingenieur-in-opleiding, tegnikus-ingenieur-in-opleiding of ingenieurstegnikus-in-opleiding wat registrasie as 'n professionele ingenieur, 'n tegnikus-ingenieur of 'n ingenieurstegnikus, na gelang van die geval, ver-

make application in writing to the Council, in the manner determined by Council, for cancellation of his existing registration and registration as professional engineer, technician engineer or engineering technician, as the case may be, and such application shall be accompanied by the appropriate registration fee listed in Annexure A.

(4) Any professional engineer who immediately prior to the commencement of the Act was registered as such in terms of the Professional Engineers' Act, 1968 (Act 81 of 1968), of the Republic of South Africa, and who desires registration in terms of the Act, shall make application in writing to the Council, in the manner determined by the Council, and such application shall be accompanied by the appropriate registration fee listed in Annexure A.

(5) As proof of registration in terms of this regulation, the Registrar shall transmit to the applicant a letter of notification of due registration in terms of the Act, to be followed by an appropriate certificate of registration containing the words set out in Annexure D.

3. (1) A professional engineer, an engineer in training, a technician engineer, a technician engineer in training, an engineering technician or an engineering technician in training shall within 30 days of registration in terms of section 11, 12 or 13 of the Act and annually thereafter by 30 April pay to the Registrar the appropriate annual fee listed in Annexure B: Provided that when payment of an annual fee has to be made for less than a full year, the Council may at its discretion grant a reduction of not more than fifty per cent of the fee that is due and payable.

(2) Any person liable for the payment of an annual fee in terms of subregulation (1) and who produces proof of current membership of a recognised engineers' institute, shall pay a reduced annual fee as set out in Annexure B: Provided that the Institute of Technology of South West Africa/Namibia shall, until such time as the Council has determined whether it complies with the requirements for recognition, be deemed to be a recognised engineers' institute for the pruposes of this subregulation.

lang, doen skriftelik aansoek by die Raad, op die wyse deur die Raad bepaal, vir die kansellasie van sy bestaande registrasie en registrasie as 'n professionele ingenieur, tegnikus-ingenieur of ingenieurstegnikus, na gelang van die geval, en sodanige aansoek word vergesel van die gepaste registrasiegelde soos in Aanhangsel A uiteengesit.

(4) 'n Professionele ingenieur wat onmiddelik voor die inwerkingtreding van die Wet as sodanig gerigistreer was ingevolge die Wet op Professionele Ingenieurs, 1968 (Wet 81 van 1968), van die Republiek van Suid-Afrika, en wat registrasie ingevolge die Wet verlang, doen skriftelik daarom aansoek by die Raad, op die wyse deur die Raad bepaal, en sodanige aansoek word vergesel van die gepaste registrasiegelde soos in Aanhangsel A uiteengesit.

(5) As bewys van registrasie ingevolge hierdie regulasie, stuur die Registrateur aan die aansoeker 'n brief waarin hy in kennis gestel word van gepaste registrasie ingevolge die Wet, en dit word opgevolg deur 'n gepaste registrasiesertifikaat wat die woorde bevat wat in Aanhangsel D uiteengesit word.

3. (1) 'n Professionele ingenieur, 'n ingenieur-in-opleiding, 'n tegnikus-ingenieur, 'n tegnikus-ingenieur-in-opleiding, 'n ingenieurstegnikus of 'n ingenieurstegnikus-in-opleiding betaal binne 30 dae na registrasie ingevolge artikel 11, 12 of 13 van die Wet, en jaarliks daarna teen 30 April aan die Registrateur die gepaste jaargelde soos in Aanhangsel B uiteengesit: Met dien verstande dat as betaling van jaargelde vir minder as 'n volle jaar gemaak moet word, die Raad na goeddunke 'n vermindering van hoogstens vyftig persent van die gelde wat verskuldig en betaalbaar is, kan toestaan.

(2) Iemand wat aanspreeklik is vir die betaling van jaargelde ingevolge subregulasie (1) en wat bewys lewer van lopende lidmaatskap van 'n erkende ingenieursintituut, betaal 'n verlaagde jaargeld soos in Aanhangsel B uiteengesit: Met dien verstande dat die Instituut van Tegnologie van Suidwes-Afrika/Namibië, tot tyd en wyl die Raad bepaal het of dit aan die vereistes vir erkening voldoen, geag word 'n erkende ingenieursinstituut vir die doeleindes van hierdie subregulasie te wees.

(3) The Council, or any committee of the Council to which the power has been assigned, may on application and on good cause being shown, grant any person an exemption, or a further exemption, either in whole or in part, from payment of the annual fee payable by such person.

4. (1) The Registrar shall charge any registered professional engineer, engineer in training, technician engineer, technician engineer in training, engineering technician or engineering technician in training, who has lost the original registration certificate issued to him in terms of the Act, and who has made written application for the issue to him of a duplicate of such registration certificate, the appropriate fee listed in Annexure C for such issue: Provided that such duplicate registration certificate shall only be issued if the applicant submits an affidavit to the effect that the original certificate was lost, that every effort has been made to trace or save it, and that he has nevertheless not succeeded in doing so.

(2) The Registrar shall charge any person who wishes to inspect the register the appropriate fee listed in Annexure C for such inspection.

(3) The Registrar shall charge any person who wishes to obtain a certified copy of an entry in, or a certified extract from, the register, the appropriate fee listed in Annexure C for making and certifying such copy or extract.

Ultra vires the Act

5. The Council may adjust the basic registration and annual fees payable in terms of regulations 2 and 3 annually on 1 April by an amount not exceeding the official cost index factor over the period since the last adjustment and for a period not exceeding 5 years or until the basic fees are again amended by regulation by Cabinet: Provided that such interim adjustment shall be made known by notice in the *Official Gazette* before taking effect.

(3) Die Raad, of enige komitee van die Raad, aan wie die bevoegdheid opgedra is, kan op aansoek en indien 'n goeie rede aangetoon word, aan iemand 'n vrystelling, of 'n verdere vrystelling, hetsy van die geheel of ten dele, van die betaling van die jaargelde deur hom verskuldig, toestaan.

4. (1) Die Registrateur vra 'n geregistreerde professionele ingenieur, ingenieur-in-opleiding, tegnikus-ingenieur, tegnikus-ingenieur-in-opleiding, ingenieurstegnikus of ingenieurstegnikus-in-opleiding, wat die oorspronklike registrasiesertifikaat aan hom ingevolge die Wet uitgereik, verloor het, en wat skriftelik aansoek gedoen het vir die uitreiking aan hom van 'n duplikaat van sodanige registrasiesertifikaat, die gepaste gelde soos in Aanhangsel C uiteengesit: Met dien verstande dat sodanige duplikaat registrasiesertifikaat net uitgereik mag word indien die aansoeker 'n beëdigde verklaring voorlê tot die effek dat die oorspronklike sertifikaat verlore geraak het, dat geen moeite ontsien is om dit op te spoor of te red nie, en dat hy desondanks nie daarin kon slaag om dit te doen nie.

(2) Die Registrateur vra iemand wat begerig is om die register te ondersoek die gepaste gelde in Aanhangsel C vir sodanige ondersoek voorgeskryf.

(3) Die Registrateur vra iemand wat begerig is om 'n gesertifiseerde afskrif van 'n inskrywing in, of 'n gesertifiseerde uittreksel uit, die register te bekom, die gepaste gelde in Aanhangsel C vir die maak en sertifisering van sodanige afskrif of uittreksel voorgeskryf.

5. Die Raad kan die basiese registrasie- en jaargelde wat ingevolge regulasies 2 en 3 betaalbaar is, jaarliks aanpas met 'n bedrag wat nie groter is nie as die amptelike kostefaktor oor die tydperk sedert die laaste aanpassing en vir nie meer as 5 jaar nie of totdat die basiese gelde weer by regulasie deur die Kabinet gewysig word: Met dien verstande dat sodanige tussentydse aanpassing by wyse van 'n kennisgewing in die *Offisiële Koerant* bekend gemaak moet word voordat dit in werking tree.

Subst. by Gov.N. 71/98

Subst. by Vervang deur Alg.K. 192/89 Gen.N.

## ANNEXURE A

## REGISTRATION FEES

| Category | Relative Regulation | Registration Fee |
|---|---|---|
| 1. Professional Engineer | | |
| (a) when applicant is not already registered in terms of the Act as an engineer in training | 2(1) | R100 |
| (b) when applicant is already registered in terms of the Act as an engineer in training | 2(3) | R 70 |
| (c) when applicant was already registered as a professional engineer in terms of the Republic Act at commencement of the Act (1 February 1987) | 2(4) | R 50 |
| (d) when applicant is not ordinarily resident in the territory and requires only temporary registration | 2(2) | R250 for 12 months or less |
| 2. Engineer in training | 2(1) | R 30 |
| 3. Tecnician Engineer | | |
| (a) when applicant is not already registered in terms of the Act as a technician engineer in training | 2(1) | R 75 |
| (b) when applicant is already registered in terms of the Act as a technician engineer in training | 2(3) | R 50 |
| (c) when applicant is not ordinarily resident in the territory and requires only temporary registration | 2(2) | R200 for 12 months or less |
| 4. Technician Engineer in training | 2(1) | R 25 |
| 5. Engineering Technician | | |
| (a) when applicant is not already registered in terms of the Act as an engineering technician in training | 2(1) | R 50 |
| (b) when applicant is already registered in terms of the Act as an engineering technician in training | 2(3) | R 30 |
| (c) when applicant is not ordinarily resident in the territory and requires only temporary registration | 2(2) | R150 for 12 months or less |

## AANHANGSEL A

## REGISTRASIEGELDE

| Kategorie | Betrokke Regulasie | Registrasiegelde |
|---|---|---|
| 1. Professionele ingenieur | | |
| (a) indien aansoeker nie reeds ingevolge die Wet as 'n ingenieur-in-opleiding geregistreer is nie | 2(1) | R100 |
| (b) indien aansoeker alreeds ingevolge die Wet as 'n ingenieur-in-opleiding geregistreer is | 2(3) | R 70 |
| (c) indien aansoeker by die inwerkingtreding van die Wet (1 Februarie 1987) reeds as professionele ingenieur ingevolge die Republiekwet geregistreer was | 2(4) | R 50 |
| (d) indien aansoeker nie gewoonlik in die gebied woonagtig is nie en slegs tydelik registrasie verlang | 2(2) | R250 vir 12 maande of minder. |
| 2. Ingenieur-in-opleiding | 2(1) | R 30 |
| 3. Tegnikus-ingenieur | | |
| (a) indien aansoeker nie reeds ingevolge die Wet as 'n tegnikus-ingenieur-in-opleiding geregistreer is nie | 2(1) | R 75 |
| (b) indien aansoeker alreeds ingevolge die Wet as 'n tegnikus-ingenieur-in-opleiding geregistreer is | 2(3) | R 50 |
| (c) indien aansoeker nie gewoonlik in die gebied woonagtig is nie en slegs tydelike registrasie verlang | 2(2) | R200 vir 12 maande of minder |
| 4. Tegnikus-ingenieur-in-opleiding | 2(1) | R 25 |
| 5. Ingenieurstegnikus | | |
| (a) indien aansoeker nie reeds ingevolge die Wet as 'n ingenieurstegnikus-in-opleiding geregistreer is nie | 2(1) | R 50 |
| (b) indien aansoeker alreeds ingevolge die Wet as 'n ingenieurstegnikus-in-opleiding geregistreer is | 2(3) | R 30 |
| (c) indien aansoeker nie gewoonlik in die gebied woonagtig is nie en slegs tydelike registrasie verlang | 2(2) | R150 vir 12 maande of minder |

| | | |
|---|---|---|
| 6. Engineering Technician in training | 2(1) | R 20 |

| | | |
|---|---|---|
| 6. Ingenieurstegnikus-in-opleiding | 2(1) | R 20 |

## ANNEXURE B

## ANNUAL FEES

| Category | Relevant Regulation | Annual Fee (for 12 months or less) |
|---|---|---|
| 1. Professional Engineer | | |
| (a) when not a member of a recognised engineers' institute | 3(1) | R130 |
| (b) when a member of a recognised engineers' institute | 3(2) | R100 |
| 2. Engineer in training | | |
| (a) when not a member of a recognised engineers' institute | 3(1) | R 50 |
| (b) when a member of a recognised engineers' institute | 3(2) | R 40 |
| 3. Technician Engineer | | |
| (a) when not a member of a recognised engineers' institute | 3(1) | R100 |
| (b) when a member of recognised engineers' institute | 3(2) | R 75 |
| 4. Technican Engineer in Training | | |
| (a) when not a member of a recognised engineers' institute | 3(1) | R 40 |
| (b) when a member of a recognised engineers' institute | 3(2) | R 30 |
| 5. Engineering Technician | | |
| (a) when not a member of a recognised engineers' institute | 3(1) | R 70 |
| (b) when a member of a recognised engineers' institute | 3(2) | R 50 |
| 6. Engineering Technician in training | | |
| (a) when not a member of a recognised engineers' institute | 3(1) | R 30 |
| (b) when a member of a recognised engineers' institute | 3(2) | R 20 |

## AANHANGSEL B

## JAARGELDE

| Kategorie | Betrokke Regulasie | Jaargelde (vir 12 maande of minder) |
|---|---|---|
| 1. Professionele ingenieur | | |
| (a) indien nie 'n lid van 'n erkende ingenieursinstituut nie. | 3(1) | R130 |
| (b) indien wel 'n lid van 'n erkende ingenieursinstituut | 3(2) | R100 |
| 2. Ingenieur-in-opleiding | | |
| (a) indien nie 'n lid van 'n erkende ingenieursinstituut nie | 3(1) | R 50 |
| (b) indien wel 'n lid van 'n erkende ingenieursinstituut | 3(2) | R 40 |
| 3. Tegnikus-ingenieur | | |
| (a) indien nie 'n lid van 'n erkende ingenieursinstituut nie | 3(1) | R100 |
| (b) indien wel 'n lid van 'n erkende ingenieursinstituut | 3(2) | R75 |
| 4. Tegnikus-ingenieur-in-opleiding | | |
| (a) indien nie 'n lid van 'n erkende ingenieursinstituut nie | 3(1) | R 40 |
| (b) indien wel 'n lid van 'n erkende ingenieursinstituut | 3(2) | R 30 |
| 5. Ingenieurstegnikus | | |
| (a) indien nie 'n lid van 'n erkende ingenieursinstituut nie | 3(1) | R 70 |
| (b) indien wel 'n lid van 'n erkende ingenieursinstituut | 3(2) | R 50 |
| 6. Ingenieurstegnikus-in-opleiding | | |
| (a) indien nie 'n lid van 'n erkende ingenieursinstituut nie | 3(1) | R 30 |
| (b) indien wel 'n lid van 'n erkende ingenieursinstituut | 3(2) | R 20 |

## ANNEXURE C

### OTHER FEES

| Category | Relative Regulation | Fee |
|---|---|---|
| For duplicate registration certificate | 4(1) | R15 |
| Inspection of register | 4(2) | R 5 per entry |
| Certified copy of entry in register | 4(3) | R10 |
| Certified extract from register | 4(3) | R10 |

## ANNEXURE D

Registration Number ................

SOUTH WEST AFRICAN ENGINEERING COUNCIL

This is to certify that

...................................

is registered as a/an

...................................

...................................

in terms of the provisions of the Engineering Profession Act, 1986 (Act 18 of 1986).

.....................
PRESIDENT

.....................
REGISTRAR

Windhoek, ...........................19......

## AANHANGSEL C

### ANDER GELDE

| Kategorie | Betrokke regulasie | Gelde |
|---|---|---|
| Vir duplikaatregistrasiesertifikaat | 4(1) | R15 |
| Ondersoek van register | 4(2) | R 5 per inskrywing |
| Gesertifiseerde afskrif van inskrywing in register | 4(3) | R10 |
| Gesertifiseerde uittreksel uit register | 4(3) | R10 |

## AANHANGSEL D

Registrasienommer ..................

SUIDWES-AFRIKAANSE INGENIEURSRAAD

Hiermee word gesertifiseer dat

...................................

geregistreer is as 'n

...................................

...................................

ingevolge die bepalings van die Wet op die Ingenieursprofessie, 1986 (Wet 18 van 1986).

......................
PRESIDENT

......................
REGISTRATEUR

Windhoek, ..........................19.......